higher education & training

Department:
Higher Education and Training
REPUBLIC OF SOUTH AFRICA

NASIENRIGLYN

NASIONALE SERTIFIKAAT

EDUCARE DIDAKTIEK TEORIE EN PRAKTIES N6

11 Junie 2021

Hierdie nasienriglyn bestaan uit 9 bladsye.

Kopiereg voorbehou

AFDELING A

VRAAG 1

1.1 B
1.2 A
1.3 C
1.4 B
1.5 A
1.6 A
1.7 A
1.8 C
1.9 B
1.10 A

(10 × 1) **[10]**

VRAAG 2

2.1 J
2.2 I
2.3 G
2.4 M
2.5 P
2.6 N
2.7 C
2.8 O
2.9 F
2.10 D
2.11 H
2.12 R
2.13 L
2.14 K
2.15 E

(15 × 2) **[30]**

VRAAG 3

3.1 Waar
3.2 Onwaar
3.3 Waar
3.4 Waar
3.5 Waar
3.6 Onwaar
3.7 Onwaar
3.8 Waar
3.9 Onwaar
3.10 Waar

(10 × 2) **[20]**

TOTAAL AFDELING A: 50

Kopiereg voorbehou

AFDELING B

VRAAG 4

4.1
- Skriftelike verslae dien as rekords van aktiwiteite waaraan die kind deelgeneem het.
- Dit help om leer- of ander probleme te identifiseer en bied 'n verslag van vordering wat gemaak is.
- Die dagsorgfasiliteerder kan inligting met ouers deel op 'n manier wat akkuraat beskryf hoe hul kinders hul tyd deurbring.
- Dit dokumenteer kommer oor 'n kind se gedrag en help die dagsorgfasiliteerder om 'n aktiwiteit te individualiseer om sodanige gedrag te hanteer.
- Dit bied 'n metode om kinders te assesseer namate hulle ontwikkel. (5 × 2) (10)

4.2
- Kies 'n geskikte area en berei dit vooraf voor – sprei handdoeke of plastiekvelle uit. Probeer om die water in 'n skadu-area te plaas, indien moontlik.
- As die weer dit toelaat, kan die kinders swemklere dra en met 'n tuinslang skoongespuit word. Anders kan jy plastiekvoorskote of waterdigte pakkies koop wat hulle sal beskerm. Wend waterdigte sonroom aan voordat hulle begin speel.
- Moet kinders nooit tydens waterspel onbewaak laat nie. As hulle buite speel, moet jy verseker dat hulle in 'n area speel waar jy te alle tye 'n direkte uitsig op hulle het. Hul voete moet goed afgedroog word voordat hulle op enige gladde oppervlakke, soos kombuisteëls, mag loop.
- Gee vir die kinders 'n verskeidenheid materiale om te gebruik. Dit hoef nie gekoopte items te wees nie – daar is baie dinge in die huis wat net so goed kan werk! 'n Paar goeie voorbeelde is plastiekbekers, plastiekskeplepels, leë waterbottels, klitsers, gaatjieslepels, klein en groot siwwe, soplepels, plastiekblokkies, lepels, leë jogurtbakkies, kurkproppe en skoon skulpe/klippe.
- Om die aktiwiteit selfs interessanter te maak, kan jy ander stowwe by die water voeg, soos koskleursel, borrels of sand. (5 × 2) (10)

4.3
- Blokspel help kinders om te ontspan terwyl hulle bou. Hulle ervaar trots wanneer hulle iets gebou het. Daar is geen reg of verkeerd nie, en dit ontwikkel hul selfvertroue.
- Blokkies ontwikkel hul denkvaardighede om meer gevorderde strukture te skep en te bou. Hulle verwerf probleemoplossingsvaardighede.
- Kinders leer om te deel en beurte te neem. Kinders kommunikeer doeltreffend terwyl hulle speel. Hulle leer om respek vir mekaar en ander kinders se strukture te hê. Kinders leer verantwoordelikheid wanneer hulle ná spel opruim.
- Kinders leer konsepte soos gewig, ruimte, hoogte, vorm, balans, meting, klassifikasie, getalle, grootte en volgorde wanneer hulle met blokkies speel. Hulle ontwikkel 'n positiewe houding teenoor wiskunde en gesyferdheid.
- Kinders se uitdrukkings- en ontvangstaal word deur blokspel uitgebrei omdat hulle woorde soos *vul*, *gooi, tel op*, *stapel*, *balanseer*, *hoog* en *kort* leer. (5 × 2) (10)

Kopiereg voorbehou

4.4
- Maak seker dat die legkaarte ouderdomsgeskik is. Alhoewel die legkaarte nie te eenvoudig vir die kleuters moet wees nie, sal hulle moontlik gefrustreerd raak en tou opgooi as dit te ingewikkeld is.
- Verskaf helder, prettige en kleurvolle vorms en prente om kleuters se aandag vir langer te behou. (2 × 2) (4)

4.5
- Stel voorskoolse kinders aan die buite-omgewing bekend – gaan buitentoe om die vars lug te voel.✓ Neem die kinders buitentoe waar hulle die buitelewe kan ervaar en vrylik kan rondhardloop. Daar is natuurparke en diereplase wat veilig vir kinders is, waar hulle avonture kan hê soos om te klim of met diere te doen kan kry.✓ Julle kan ook piekniek in 'n botaniese tuin hou. Wanneer jy kinders aan die buitelewe blootstel, help jy hulle om te besef dat die aarde 'n pragtige plek is en dat ons dit so goed moontlik moet bewaar.✓
- Betrek voorskoolse kinders by boomplantaktiwiteite.✓ Boom plant is 'n goeie manier om kinders te motiveer om die omgewing te help bewaar.✓ Sluit by hulle aan met hierdie aktiwiteit om jou ondersteuning te toon.✓
- Neem voorskoolse kinders na opvoedkundige sentrums. Hierdie sentrums beklemtoon die belang van versorging van die omgewing.✓ Wetenskapsentrums, museums of natuurparke bied interaktiewe opvoedkundige aktiwiteite wat ontwerp is om hulle meer van die omgewing te leer. Die personeel kan praatjies oor bedreigde diere, opruim van die omgewing en die belang van bewaring van die aarde aanbied.✓ Hierdie programme kan voorskoolse kinders se reaksies op kwessies rakende die voorkoming van verdere omgewingskade beïnvloed.✓
- Bou 'n tuin. Laat voorskoolse kinders jou help om plante te plant en te versorg.✓ Gee vir hulle sade om te plant sodat hulle dit kan sien groei, wat hulle van groei sal leer en hul verantwoordelikheidsin sal ontwikkel.✓ Julle kan blomme, bone of vrugdraende plante en groente plant, en wanneer dit gereed is om geoes te word, kan die voorskoolse kinders jou help om die vars produkte te pluk en in die kombuis voor te berei.✓
- Gebruik speletjies om voorskoolse kinders van beskerming van die aarde te leer. Speletjies is 'n wonderlike manier om kinders van verantwoordelikheid te leer.✓ Betrek hulle by die skoonmaak van die speelkamer deur hulle van herwinning te leer. Jy kan hulle help om die rommel te sorteer – wat gaan in die herwinblik en wat gaan in die nieherwinblik.✓ Bied geleenthede om kunswerk uit kartonbokse te skep of items as speelgoed te hergebruik. Laat die voorskoolse kinders kreatief raak met natuurlike materiale soos sand, blare, gedroogde blomme of takkies. Julle kan 'n speletjie speel: om te kyk wie hulle speelgoed die vinnigste in die regte houers plaas of wie hul area eerste opruim.✓ (5 × 3) (15)

4.6 Vryspel is onbeperkte beweging, aktiwiteit of interaksie binnens- of buitenshuis. (1)

[50]

VRAAG 5

5.1
- Van sade tot plante
- ’n Reëndag
- Die blare val
- Ons ondersoek wolke
- Die suiwelplaas
- Bome help ander lewende dinge (6)

5.2
- Maak seker dat ’n volwassene te alle tye toesig oor die kinders hou. Personeel en/of vrywilligers moet kinders goed bewaak.
- Maak seker dat die kinders toilet- en versnapering-tye kry.
- Maak seker dat personeel en/of vrywilligers interaksie met die kinders het en die voëls, mense en diere (party parke het apies, meerkatte, skilpaaie en reptiele) bespreek wat hulle op die uitstappie teëkom.
- Maak seker dat die aanbiedings (wys en vertel) deur die personeel by die voëlpark volgens ooreenkoms aangebied word.
- Kinders kan oormatig opgewonde tydens uitstappies raak en sal dalk die omgewing op hul eie wil verken. Vestig ’n proses om die kinders en personeel gereeld te tel, sowel periodies as wanneer aktiwiteite verander (soos voordat almal op die bus klim om terug te keer).
- Die kinders moet glo dat jy waarde aan die natuur heg ten einde die betekenisvolheid van die besoek te verseker. Wys vir hulle dat jy waarde heg aan die besoek aan die park.
- Neem die kinders se betrokkenheid by aktiwiteite waar. (Enige 5 × 2) (10)

5.3
- Kies ’n verskeidenheid toerusting in wat fantasie- of verbeeldingspel aanmoedig.
- Die toerusting moet verskeie moeilikheidsgrade bied.
- Dit moet ruimtelike konsepte bevorder.
- Dit moet met ander toerusting gekombineer kan word.
- Dit moet van natuurlike materiaal gemaak wees.
- Kies toerusting met die kinders se motoriese ontwikkeling in gedagte.
- Dit moet kinders se spierontwikkeling bevorder.
- Dit moet die kinders geleentheid gee om vaardighede, inisiatief en selfvertroue te ontwikkel.
- Dit moet ’n geleentheid vir sosiale, drama- en kreatiewe spel bied.
- Party items (balle en boontjiesakke) moet in groot hoeveelhede en verskeidenheid beskikbaar wees. (10)

5.4
- Die kinders help opruim terwyl hulle die opruim-liedjie sing.
- Hulle gaan lê en maak bewegings volgens die verskillende soorte pasta, bv. ‘spaghetti’ – lyf in ’n reguit lyn, ‘noedels’ – draai en maak kronkelbewegings en ontspan.
- Kinders strek uit en haal diep asem, en ontspan dan.
- Luister na kalmerende musiek of strelende klanke, soos ’n tropiese woud, golwe of ’n waterval.
- Kinders gaan lê, tel tot 10 en dink dan aan iets wat hulle gelukkig maak.

(5 × 2) (10)

Kopiereg voorbehou

5.5
- Die kinders tree in ’n hoepel en hou dit om hul middels vas. Verduidelik dat dit hulle ‘kar’ is en dat hulle nie in iemand moet vasry nie. Gee vir hulle aanwysings, bv. “Stop” en “Gaan”, “Staan op” en “Gaan sit”.
- Plaas ’n paar leë plastiekbottels in ’n lyn. Die kinders staan ’n ent weg en rol ’n bal om die bottels om te stamp. Vergroot die afstand tussen die kinders en die bottels namate hul vaardighede verbeter.
- Blaas borrels (die kinders kan dit ook doen). Die kinders kan die borrels met hul vingers stukkend steek of dit vang volgens jou instruksies.
- Die kinders staan in ’n ry agter mekaar. Die leier vleg tussen die spasies deur en al die kinders sing ’n treinliedjie (bv. “Tjoeke tjoeke paf” of “So ry die trein”). Die kind heel agter kom vorentoe en lei die trein totdat al die kinders beurte gehad het om die leier te wees.
- Die kinders gooi ’n boontjiesak versigtig in die lug en vang dit.

(5 × 2) (10)

5.6
- Rol
- Kruip
- Luiperdkruip
- Marsjeer
- Hardloop
- Klim
- Spring
- Hop
- Galop
- Huppel

(Enige 4 × 1) (4)

[50]

VRAAG 6

6.1
- Dit moet geberg word waar daar geen direkte sonlig is nie en waar dit nie kan nat word nie.
- Gebruik gemerkte houers vir berging: mandjies, emmers of bakke van verskillende groottes.
- Alle toerusting/apparaat moet gereeld nagegaan word. Stukkende of beskadigde toerusting/apparaat moet verwyder word totdat dit reggemaak is.
- Pak die toerusting/apparaat voor die bewegings-/musiekaktiwiteit uit en pak dit ná die tyd weg. Die kinders moet hiermee help.
- Alle toerusting/apparaat, insluitende vaste buitenshuise toerusting soos klimrame, moet gereeld in stand gehou word. (5 × 2) (10)

6.2
- Die lengte van die liedjie moet geskik wees vir die konsentrasievermoëns van die kinders in die groep.
- Die liedjies se melodieë moet by hul natuurlike stemtoon pas.
- Kinders geniet die herhaling van frases of woorde in liedjies.
- Kinders moet die woorde van die liedjies kan verstaan.
- Die woorde, melodie en ritme moet bymekaar pas. (5 × 2) (10)

Kopiereg voorbehou

6.3
- Speel musiek in die huis wanneer moontlik. Dit kan musiek wees wat sowel die ouers as die kind geniet.
- Luister aandagtig na die musiek. Alhoewel dit uiters nuttig is om musiek in die agtergrond te laat speel, is dit ook belangrik dat die kind gereeld aandag aan die musiek gee en daarop reageer. Ouers en kinders kan dit doen deur op maat van die musiek te beweeg, gesprekke daaroor te hê en vrae daaroor te vra.
- Ouers moet saam met die kinders sing. Dit is ’n uitstekende manier om hulle te help om musiek te internaliseer. Dit maak nie saak of die ouers goed kan sing of nie; hulle kan eenvoudige liedjies sing. Herhaling is belangrik met jong kinders. Kinders sal basiese melodieë en ritmes leer as ’n paar liedjies gereeld gesing word.
- Ouers moet met hul kinders dans. Dit is ’n prettige manier om van musiek te leer en tyd saam deur te bring. Dit help kinders ook om motoriese vaardighede te ontwikkel terwyl hulle leer hoe om hulself uit te druk.
- Ouers en hul kinders kan saam musiekinstrumente maak. Hulle kan materiale in en om die huis gebruik om instrumente soos ’n trom en ’n skudder te maak.
- Ouers moet musiek met speeltyd en roetines gebruik. Bekende liedjies skep ’n gevoel van vertroosting vir ’n kind. Sang versterk roetines, bv. liedjies wat ouers en kinders met bed- en badtyd sing. (5 × 2) (10)

6.4
- Help met uitstappies
- Dien op die skool se komitee of adviesraad as ’n ouerverteenwoordiger
- Help met projekte soos die skool se nuusbrief
- Help in hul kind se groep
- Help in die skool se biblioteek, rekenaarlaboratorium of kantoor
- Berei kos vir ’n skoolgeleentheid voor
- Werk in ’n ouerhulpbronsentrum of help om een op die been te bring
- Dien as ’n helper in die speelkamer of buite-area
- Help kinders met spesiale behoeftes
- Werk by fondsinsamelingsaktiwiteite soos koekverkopings of karwas-geleenthede

(10)

6.5

- Dit verbeter kreatiwiteit. Wanneer kinders leer teken, kry hulle ’n geleentheid om hul verbeeldings te ontwikkel. Hulle leer om iets in hul geestesoog voor te stel en daardie beelde op papier te teken, en hulle begin verstaan dat dít wat hulle teken iets voorstel.
- Kinders eksperimenteer met allerhande soorte merke sonder enige reëls en skep abstrakte werk. Omdat daar geen reg of verkeerd is wat die verbeelding betref nie, kan teken bevrydend vir jong kinders wees.
- Kinders kan verskillende materiale vir hul tekeninge gebruik, soos bordkryt, vetkryte, merkpenne, potlode, uitveërs, skoon koerantpapier, ’n rekenaar, muurpapier, boeke, tydskrifte, katalogusse, gebruikte verjaardagkaartjies en kleurpapier.
- Wanneer kinders teken, begin hulle die wêreld om hulle van naderby ondersoek. Hulle leer om na omgewings en voorwerpe te kyk en vergelyk dinge in hul wêreld.
- Teken leer kinders om besluite te neem en verbeter hul visuele en fynmotoriese vaardighede.
- Teken gee kinders tyd om te konsentreer. Die vashou van die potlood in een hand en ’n die vasdruk van papier op ’n plat oppervlak met die ander hand, met hul oë daarop gefokus, ontwikkel hul konsentrasievaardighede. Dit ontwikkel ook hul aandagspan wanneer hulle vorder van die teken van een voorwerp tot ’n hele prent. (Enige 5 × 2) (10)

[50]

TOTAAL AFDELING B: 150
GROOTTOTAAL: 200

Kopiereg voorbehou